



RIMON[®] 10 EC

Reg. No./ Nr. L6285 Act / Wet No. 36 of / van 1947
N-AR 0501

An emulsifiable concentrate chitin inhibitor stomach insecticide for the control of insects in the crops indicated.	'n Emulgeerbare konsentraat chitien inhibeerder maaginsekododer vir die beheer van insekte in gewasse soos aangedui.
---	--

IRAC GROUP CODE INSECTICIDE	15	IRAC GROEPKODE INSEKDODER
------------------------------------	-----------	----------------------------------

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDEEL

Novaluron (benzoylurea) 100 g / ℓ Novaluron (bensoielureum)

NET VOLUME / NETTO VOLUME

.....

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER

Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd
Co. Reg. No. / Mpy Reg. Nr 1992/001741/07
21 Viben Street
PO Box 498, Brackenfell 7561
Tel: 021 982 1460 / Fax: 021 982 5810

Batch number Lotnommer

Date of manufacture Vervaardigingsdatum

RIMON is the registered trademark of Makhteshim-Agan, Israel
RIMON is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan, Israel

UN No: 3082

			CAUTION VERSIGTIG		
CLASS III				Blue band	

WARNINGS

Withholding periods: (Minimum number of days between last application and harvest)

Apples and Pears, Peaches and Nectarines.....	84 days
Citrus.....	56 days
Cotton: Do not graze treated areas	
Grain sorghum: Do not graze treated areas	
Grain sorghum seed	46 days
Potatoes.....	36 days
Soyabeans and Dry beans (not for grazing).....	70 days
Tomatoes.....	7 days

- Handle with care.
- Irritating to the eyes and mildly irritating to the skin.
- May cause sensitisation by skin contact.
- Toxic to aquatic organisms.
- Store away from food, drinking water, feed and other agricultural chemicals.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Aerial application:** Notify all inhabitants in the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate adjacent areas and water.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the pest against the remedy concerned as well as the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

Environmental warning:

RIMON[®] 10 EC is harmful to the *Crustacea*. Avoid any contamination of open water.

RIMON[®] 10 EC is not toxic to adult honey bees.

RIMON[®] 10 EC is harmful to silk worms and any contact should be avoided.

Export crops:

When **RIMON[®] 10 EC** is used in accordance with the label recommendations, as indicated below, the local MRL's will not be exceeded. Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd, however, cannot be held responsible for export crops that exceed the tolerances of other countries. Please consult the relevant authorities in this regard.

PRECAUTIONS

- Do not eat, drink or smoke while the product is handled.
- Avoid contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Avoid contact with eyes and skin. Wear rubber gloves and a face shield when the concentrate is handled. If it comes into contact with eyes, rinse immediately with water. If skin is contaminated, wash off immediately. If spilled on clothes, take off and wash immediately.

- Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water of at least 10% of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container.
- While applying, avoid contact with the spray mixture as far as possible.
- Avoid the drift of spray to other crops, grazing, rivers or dams.
- After use, clean the applicator thoroughly and dispose of wash water where it will not contaminate other crops, grazing, rivers or dams.
- Destroy empty container and do not re-use for any other purpose.
- Remove work clothes and wash thoroughly.

Mode of action:

RIMON[®] 10 EC is a larvacide which acts by inhibiting chitin biosynthesis, resulting in interference with the normal formation of the cuticle which means normal growth and development of larvae cannot take place.

RIMON[®] 10 EC is not systemic. It has a moderate contact action but strong stomach activity. Therefore **RIMON[®] 10 EC** should be present on the target surface when eggs are laid or soon after, or when the first larvae are noticed.

RIMON[®] 10 EC is an Insect Growth Regulator (IGR) with a different mode of action to that of the pyrethroids, organophosphates and carbamates. Therefore it can be used successfully where resistance problems are experienced with other products.

Integrated pest management:

As a result of its mode of action, **RIMON[®] 10 EC** has no effect on the adult stages of predators and predatory mites. The juvenile stages of some of the predators may be affected. **RIMON[®] 10 EC** has no effect on adult honey bees.

Crop tolerance:

RIMON[®] 10 EC must not be used on Comice pears.

RIMON[®] 10 EC must not be used in grape vines nor should the spray be allowed to drift over vines.

RIMON[®] 10 EC applied according to label instructions is safe to use on all crops for which it is registered.

RESISTANCE STATEMENT

For resistance management **RIMON[®] 10 EC** is a group code 15 insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **RIMON[®] 10 EC** and other group code 15 insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly and exclusively in programs. These resistant insects may not be controlled by **RIMON[®] 10 EC** or any other group code 15 insecticide. To delay insecticide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of insecticides from the same group code. Alternate or tank mix with products from different insecticide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into insect control programmes.
- No known cross resistance to **RIMON[®] 10 EC** and other insecticide group codes exist.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as indicated.

Compatibility:

RIMON® 10 EC is compatible with most fungicides and insecticides. It is important to note that the compatibility of **RIMON® 10 EC** with other products can be influenced by the formulation of those products and the quality of the dilution water. Since formulations can change without previous knowledge of Makhteshim-Agan and the quality of dilution water can change from farm to farm, a physical compatibility test is recommended prior to application.

Mixing instructions:

Half fill the spray tank with water. Pre-mix the required amount of **RIMON® 10 EC** in a small quantity of water and add to the spray tank while agitating. Fill the spray tank to the required volume. It is important to note that during the mixing and application process the spray mixture must be agitated continuously.

Ground application:

RIMON® 10 EC can be applied by any medium or high volume spray apparatus provided it is equipped with an efficient agitation mechanism and is able to distribute the spray mixture evenly over the target area. The spray apparatus must be calibrated correctly. **RIMON® 10 EC** is rainfast within 5 hours.

Aerial application:

Aerial application of **RIMON® 10 EC** may only be done by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- **Volume:** A spray mixture volume of 30 litres per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- **Droplet coverage:** 30 to 40 droplets per cm² must be recovered at the target area.
- **Droplet size:** A droplet spectrum with a VMD of 250 to 280 microns is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 microns (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- **Flying height:** Maintain the height of the spray boom at 3 to 4 metres above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking
- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60 to 75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8°C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.

- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80% and above) may lead to the following:
 - a) reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
 - b) damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the Aerial Spray Operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

APPLICATION RATES

CROP	DOSAGE	REMARKS
APPLES AND PEARS Codling moth <i>(Cydia pomonella)</i>	35 ml / 100 ℓ water (350 ml / ha)	Apply as a single full cover spray not later than 75 % petal fall. Ensure thorough wetting of all plant parts. Calculate the spray volume to be applied per hectare according to the tree row volume formula as is described by Urath. Do not apply less than 350 ml RIMON® 10 EC per hectare. If present at time of application Thrips (<i>Thripidae spp</i>) and the first and second instar stages of African bollworm will be suppressed.
CITRUS (oranges only) False codling moth <i>(Cryptophlebia leucotreta)</i>	Double application: 35 ml / 100 ℓ water Single application: 50 ml / 100 ℓ water	<p>Apply two sprays, 16 and 8 weeks before harvest, as a full cover application. Ensure that fruit is wetted on all sides by the spray solution to the point of run-off. Special attention should be given to the styler end. Fruit that is not completely covered by the spray solution is exposed to infestation on the untreated areas.</p> <p>Apply as a single full cover spray 12 weeks before harvest. Ensure that the whole of the fruit is covered with the spray solution to just before the point of run off. Special attention should be given to the styler end. Fruit that is not completely covered is exposed to infestation on the untreated areas.</p> <p>African bollworm and codling moth which are present during application will also be controlled. It is important to note that false codling moth larvae which have penetrated the fruit before application will not be controlled.</p>
COTTON African bollworm <i>(Helicoverpa armigera)</i>	350 ml / ha	Apply as soon as the first eggs are noticed, at the initiation of flowering. If larvae are already present at application, they should preferably be in the first instar stage and not beyond the second instar stage. Repeat application 10 – 14 days after the first application. If necessary, repeat this program

CROP	DOSAGE	REMARKS
		<p>10 – 14 days after the last application. Apply in at least 500 ℓ water / ha as a directed spray on the row and increase the water volume as the plants grow bigger. Ensure full coverage of the entire plant. It is recommended that drop arms be used on cotton higher than 60 cm.</p> <p>Aerial application: Apply in at least 30 ℓ water / ha.</p> <p>RIMON® 10 EC will not cause an outbreak of red spider mite populations. It also has no effect on adult predators or predatory mites.</p>
<p>GRAIN SORGHUM African bollworm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	350 ml / ha	Commence application in the flowering stage as soon as the pest is noticed. Ensure thorough coverage of the flowers and ears. Use at least 200 ℓ water / ha. The bollworms should preferably not be past the third instar stage of development at the time of application.
<p>PEACHES and NECTARINES Only fruit for canning. Not for use on fruit to be used in baby food. Oriental fruit moth (<i>Cydia molesta</i>)</p>	35 ml / 100 ℓ water	Apply as a single full cover spray not later than 75% petal fall. Ensure full coverage of all plant parts. Calculate the water spray volume to be applied per hectare according to the tree row volume formula described by Unrath. Do not apply less than 350 ml RIMON® 10 EC per hectare. If present at time of application Thrips (<i>Thripidae spp</i>) and the first and second instar stages of African bollworm will be suppressed.
<p>POTATOES Tuber moth larvae (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p>	350 ml / ha	<p>Commence spraying as soon as the first signs of the tuber moth pest are noticed, or when an average of 20 moths per night or 130 – 140 moths per week are caught in a pheromone trap. The first application must always be followed by a second application not later than 14 days after the first. If necessary, a third application can be done 14 days after the second. Do not apply more than four applications per season on the same field. Use at least 500 ℓ water / ha. Alternate RIMON® 10 EC applications with AZINPHOS 200 SC at 1.25 ℓ / ha.</p> <p>The use of RIMON® 10 EC should be ceased when the foliage of the plants become chlorotic due to the plants nearing the end of their life cycle. Also when the tuber moth larvae start moving to the tubers or when the moths start laying their eggs on the ground. In these situations, AZINPHOS 200 SC should be applied by ground application and leached into</p>

CROP	DOSAGE	REMARKS
		<p>the ground by a light irrigation (± 6 mm water) or it can be applied through a centre pivot application system.</p> <p>RIMON[®] 10 EC will also control the first and second instar stages of African bollworm (<i>Helicoverpa armigera</i>) and Potato leaf miner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>) in this programme.</p>
<p>Potato leaf miner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>) Only for use in the Sanveld area</p>	<p>350 ml / ha + 0.5% MCW EOS</p>	<p>Apply as soon as symptoms are noticed. Repeat the application 10 - 14 days later. Thereafter, alternate with another registered product. Potato tuber moth larvae will also be controlled, if present at the time of application. Do not apply more than four applications per season.</p> <p>Aerial application: Use at least 30 l but preferably 40 l water / ha in a similar programme as that for ground application.</p>
<p>SEED POTATOES For seed production only Potato tuber moth larvae (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p>	<p>100 ml / 100 l water</p>	<p>Seed potatoes can be treated by dipping the seed into the RIMON[®] 10 EC mixture or by spraying the seed prior to packing into bags. Seed potatoes that have been taken out of refrigeration to sprout, can be treated similarly. It is important that every tuber must be completely covered by the spray mixture and that before the tubers are repacked into bags, they should be allowed to dry off completely. If applied according to this recommendation, a single application should control potato tuber moth larvae for a period of 40 – 60 days.</p> <p>Important: This treatment should ONLY be used on potatoes that are for seed.</p>
<p>SOYBEANS and DRY BEANS African bollworm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>350 ml / ha</p>	<p>Commence application as soon as eggs or larvae are noticed at flowering. Repeat the application 14 days later. Do not apply more than two RIMON[®] 10 EC applications per season. Alternate with other registered products like LAMDEX or SERVUS. Apply in at least 200 l water / ha and ensure thorough wetting of all plant parts. African bollworm will only be controlled at the first and second instar stages.</p>
<p>TOMATOES American bollworm (<i>Helicoverpa armigera</i>) Tuber moth larvae (Leaf miner) (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p>	<p>35 ml / 100 l water (350 ml / ha)</p>	<p>Apply as soon as flowering starts and eggs or larvae are noticed or when an outbreak of bollworm is expected. Repeat the application 10 – 14 days after the first. A third or even a fourth application may be necessary at 10 – 14 day intervals. African bollworm will only be controlled at the first and second instar stages.</p>

CROP	DOSAGE	REMARKS
		<p>It is recommended that RIMON[®] 10 EC is applied as a block application of at least two consecutive sprays. The block applications can be alternated with other registered products with a different mode of action e.g. THIONEX SC, LAMDEX, SERVUS or METHOMEX 900 SP. Ensure that a full cover spray is applied and that not less than 350 ml RIMON[®] 10 EC is applied per sprayed hectare.</p> <p>For the control of potato tuber moth larvae spraying should commence as soon as the first larvae or mines are noticed. Follow the recommendations as for bollworm.</p>

IMPORTANT NOTES

1. **RIMON[®] 10 EC** is not systemic and therefore to obtain effective control a full cover spray on the target plant is essential.
2. **RIMON[®] 10 EC** has a moderate contact action but strong stomach activity. This means it will be advantageous if it is already on the plant surface when the target insect begins to feed.
3. **RIMON[®] 10 EC** is absorbed by the cuticle of plants and is rainfast within 5 hours.

AZINPHOS 350 WP (Reg. No. L4851), AZINPHOS 350 SC (Reg. No. L4850) and AZINPHOS 200 SC (Reg. No. L5588) contain azinphos-methyl and are the registered products of Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

THIONEX SC (Reg. No. L 4671) contains endosulfan and is the registered trade mark of Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

LAMDEX (Reg. No. L7578) contains lambda-cyhalothrin and is the registered trade mark of Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

SERVUS (Reg. No. L7271) contains deltamethrin and is the registered trade mark of Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

METHOMEX 900 SP (Reg. No. L5254) contains methomyl and is the registered trade mark of Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

MCW EOS (Reg. No. L7954) is a light, food grade, paraffinic oil and is the registered trade mark of Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

WAARSKUWINGS

Onthoudingsperiodes: (Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes)

Aartappels	36 dae
Appels en Pere, Perskes en Nektariens	84 dae
Graansorghum: Moet nie behandelde lande laat bewei nie	
Graansorghum saad.....	46 dae
Katoen: Moet nie behandelde lande laat bewei nie	
Sitrus	56 dae
Sojabone en Droë bone (nie vir gebruik vir voer)	70 dae
Tamaties.....	7 dae

- Hanteer versigtig.
- Irriterend vir die oë en matig irriterend vir die vel.
- Mag sensitisering veroorsaak deur velkontak.
- Giftig vir waterorganismes.
- Berg weg van voedsel, drinkwater, voer en ander landbouchemiese middels.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Lugtoediening:** Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat gespuit sal word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit of die spuitstof daarheen laat wegdryf nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kan word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

Omgewingswaarskuwings:

RIMON[®] 10 EC is skadelik vir skaaldiere (*Crustacea*). Vermyn enige besoedeling van oop water.

RIMON[®] 10 EC is nie giftig vir volwasse heuningbye nie.

RIMON[®] 10 EC is skadelik vir sywurms en enige kontak daarmee moet vermy word.

Gewasgevoeligheid:

RIMON[®] 10 EC moet nie op Comice pere gebruik word nie.

RIMON[®] 10 EC moet nie in wingerd gebruik word nie. Verseker dat die spuitnewel nie oorwaai na wingerd nie.

Indien **RIMON[®] 10 EC** volgens die voorgeskrewe aanbevelings gebruik word, is dit veilig in alle gewasse waarop dit geregistreer is.

Uitvoergewasse:

Wanneer **RIMON[®] 10 EC** gebruik word in ooreenstemming met die aanbevelings soos hier onder aangedui, sal die plaaslike MRL's nie oorskry word nie. Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd kan egter

nie verantwoordelik gehou word vir gewasse wat uitgevoer word en waar die invoer toleransies van daardie lande oorskry word nie. Raadpleeg die plaaslike uitvoerbemarkingsliggame in verband hiermee.

VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Voorkom aanraking met oë en vel. Dra rubberhandskoene en gesigskerm wanneer die konsentraat hanteer word. Indien dit in u oë kom, spoel onmiddellik uit. Indien dit op u vel kom, was dit dadelik af. Indien dit op u klere mors, trek dit uit en was dit.
- Keer die leë houër om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houër daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 10% van die inhoud van die houër. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houër vernietig word.
- Vermy kontak met die spuitstof sover moontlik tydens toediening.
- Vermy oorwaai van die spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere of damme.
- Maak die toediener deeglik skoon na gebruik en gooi die waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie. Vernietig leë houër en moet dit nie vir enige ander doel gebruik nie.
- Trek werksklere uit en was dit. Was uself.

Metode van werking:

RIMON[®] 10 EC dood die larwale stadiums van insekte deur chitienbiosintese te rem. Die huid van die insek ontwikkel nie normaal nie en normale groei en ontwikkeling kan nie plaasvind nie.

RIMON[®] 10 EC is nie sistemies nie en het 'n matige kontakaksie, maar 'n sterk maagaksie. Dit is dus verkieslik dat **RIMON[®] 10 EC** alreeds op die teikenoppervlak aanwesig moet wees tydens of net na eierlegging of as die eerste larwes opgemerk word.

RIMON[®] 10 EC is 'n insekgroeireguleerder (IGI) en die metode van werking daarvan verskil van die van die organofosfate, karbamate en piretroïede en kan daarom nog steeds suksesvol gebruik word waar weerstand teen die ander middels ondervind word.

Geïntegreerde plaagbestuur:

As gevolg van die metode van werking van **RIMON[®] 10 EC** is dit veilig vir volwasse roofinsekte. Die onvolwasse stadiums van sommige roofinsekte mag egter benadeel word. **RIMON[®] 10 EC** is veilig vir volwasse heuningbye.

WEERSTANDSTELLING

Vir weerstandsbestuur is **RIMON[®] 10 EC** 'n groepkode 15 insekdoder. Enige insekpopulasie mag individue bevat wat 'n natuurlike weerstand teen **RIMON[®] 10 EC** en ander groepkode 15 insekdoders het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die insekpopulasie oorheers as hierdie insekdoders aanhoudend gebruik word. Hierdie weerstandbiedende insekte sal nie deur **RIMON[®] 10 EC** en ander groepkode 15 insekdoders beheer word nie. Om die voorkoms van weerstand te vertraag, kan die volgende gedoen word:

- Vermy die eksklusiewe volgehoue gebruik van insekdoders van dieselfde groepkode, wissel af of maak tenkingsels met insekdoders van ander groepkodes met ander werkingswyses.
- Integreer met ander beheermetodes (chemiese, biologies, bewerking) in insekbeheerprogramme
- Geen bekende gevalle van kruisweerstand tussen **RIMON[®] 10 EC** en ander insekdodergroepkodes is bekend nie.

Vir meer spesifieke inligting rakende weerstandsbestuur, skakel die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

Verenigbaarheid:

RIMON® 10 EC is verenigbaar met die meeste swamdoders en insekdoders. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die verenigbaarheid van **RIMON® 10 EC** met ander produkte beïnvloed kan word deur die formulering van daardie produkte en die kwaliteit van verdunningswater. Aangesien formulasies sonder die medewete van Makhteshim-Agan mag verander en die waterkwaliteit van plaas tot plaas mag verskil, moet 'n fisiese mengbaarheidstoets altyd gedoen word voor toediening.

Menginstruksies:

Maak die tenk halfvol met water. Voeg die benodigde hoeveelheid **RIMON® 10 EC** in 'n aparte houer en meng met 'n klein hoeveelheid water en voeg in die spuittenk terwyl geroer word. Vul die tenk met water. Dit is belangrik om daarop te let dat tydens vermenging en toediening die spuitmengsel gedurigdeur geroer moet word.

Grondtoediening:

RIMON® 10 EC kan met enige medium tot hoëvolume spuitapparaat toegedien word, mits dit toegerus is met 'n doeltreffende roermeganisme en dit in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied te versprei. Dit is belangrik om daarop te let dat die spuitapparaat wat gberuik word, korrek gekalibreer is.

RIMON® 10 EC is binne 5 uur reëvas.

Lugtoediening:

RIMON® 10 EC kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n Spuitmengsel volume van minstens 30 liter per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppel bedekking:** 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 tot 280 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik nie, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.

- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihygrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS / PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
AARTAPPELS Aartappelmotlarwes (<i>Phthorimaea operculella</i>)	350 ml / ha	<p>Dien toe sodra die eerste simptome waargeneem word of waar gemiddeld 20 motte per nag of 130 – 140 motte per week in 'n feromoonlokval gevang word. Die eerste bespuiting moet altyd deur 'n tweede bespuiting gevolg word, nie later as 14 dae na die eerste bespuiting nie. 'n Derde bespuiting kan, indien nodig, 14 dae na die tweede toegedien word. Moet egter nie meer as vier RIMON® 10 EC bespuitings per seisoen toedien nie. Gebruik in 'n minimum van 500 l water / ha. Wissel die RIMON® 10 EC bespuitings af met AZINPHOS 200 SC teen 1.25 l / ha.</p> <p>Staak toediening van RIMON® 10 EC as die aartappelboom begin chloroties raak omdat plante die einde van hul lewensiklus nader of wanneer larwes begin afbeweeg na die knolle of motte begin eiers op die grond lê. In hierdie situasie moet AZINPHOS 200 SC deur grondtoediening toegedien word en liggies besproei word (±6 mm water) of deur 'n spilpunt toegedien word.</p> <p>RIMON® 10 EC sal ook die eerste en tweede instar stadium van Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) en aartappel bladmyner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>) in hierdie program beheer.</p>
Aartappel bladmyner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>) Vir gebruik in die Sanveld alleenlik	350 ml / ha + 0.5% MCW EOS	Dien toe sodra die eerste simptome waargeneem word. Herhaal die toediening binne 10 - 14 dae waarna dit afgewissel moet word met 'n ander geregistreerde middel. Indien teenwoordig tydens hierdie bespuiting sal

GEWAS / PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
		<p>aartappelmotlarwes ook beheer word. MCW EOS moet teen 500 ml / 100 l water by die spuitmengsel gevoeg word. Moet egter nie meer as vier bespuitings per seisoen toedien nie.</p> <p>Lugtoediening: Gebruik ten minste 30 l maar verkieslik 40 l water / ha in 'n soortgelyke program soos vir grondtoediening.</p>
<p>AARTAPPELMOERE Slegs vir saadproduksie Aartappelmotlarwes (<i>Phthorimaea operculella</i>)</p>	<p>100 ml / 100 l water</p>	<p>Toediening kan geskied deur die moere in die mengsel te doop of om dit met die mengsel te bespuit voor dit in sakke geplaas word vir opberging. Moere wat uit koelopberging gehaal word om te spuit, kan op 'n soortgelyke wyse behandel word. Dit is belangrik dat die hele oppervlak van elke moer deeglik benat word. Voordat die moere in sakke geplaas word moet dit toegelaat word om goed af te droog. Indien toediening volgens die aanwysings geskied, behoort 'n enkele toediening aartappelmotlarwes vir 40 – 60 dae te beheer.</p> <p>LET WEL: Hierdie toediening mag slegs op moere wat vir saad gebruik word, toegedien word.</p>
<p>APPELS EN PERE Kodling mot (<i>Cydia pomonella</i>)</p>	<p>35 ml / 100 l water (350 ml / ha)</p>	<p>Dien as 'n enkele volle deктоediening toe, nie later as 75 % blomblaarval nie. Verseker deeglike benatting van alle plantdele. Bereken die spuitvolume wat per hektaar toegedien moet word volgens die boomryvolume formule soos beskryf deur Urath. Moet nie minder as 350 ml RIMON® 10 EC per hektaar gebruik nie. Indien teenwoordig tydens bespuiting sal Blaaspoetjies (<i>Thripidae</i>) en die eerste en tweede instar stadium van Afrika bolwurm onderdruk word.</p>
<p>GRAANSORGHUM Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>350 ml / ha</p>	<p>Dien in die blomstadium toe, sodra die plaag opgemerk word. Verseker deeglike bedekking van die blomme en are. Gebruik minstens 200 l water / ha. Die bolwurms moet verkieslik nie verder as die derde instar stadium wees tydens bespuiting nie.</p>
<p>KATOEN Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>350 ml / ha</p>	<p>Begin toediening sodra blomvorming plaasvind en sodra die eerste bolwurm eiers opgemerk word. Indien larwes alreeds teenwoordig is tydens toediening moet die larwes verkieslik in die eerste instar, maar nie verder as die derde instar ontwikkel het nie. Herhaal toediening 10 – 14 dae later. Indien nodig moet 'n derde toediening 10 – 14 dae na die tweede toediening gedoen word. Dien in 'n minimum van 500 l water / ha toe as 'n gerigte bespuiting op die ry</p>

GEWAS / PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
		<p>en verseker 'n deeglike bedekking van alle plantdele. Verhoog die watervolume as die plante groter word. Valarms op katoen hoër as 60 cm word aanbeveel.</p> <p>Lugtoediening: Dien in minstens 30 l water / ha toe.</p> <p>RIMON® 10 EC sal nie 'n uitbraak van roospinmytopulasies veroorsaak nie en is ook nie skadelik vir volwasse predatore en roofmyte nie.</p>
<p>PERSKES en NEKTARIENS Slegs vrugte wat vir die inmaakmark bestem is. Nie vir gebruik vir vrugte wat in babavoedsel verwerk word nie. Oosterse vrugtemot (<i>Cydia molesta</i>)</p>	<p>35 ml / 100 l water</p>	<p>Dien as 'n enkele volle dekhoediening toe nie later as 75% blomblaarval nie. Verseker deeglike benatting van alle plantdele. Bereken die spuitvolume wat per hektaar toegedien moet word volgens die boomryvolume soos beskryf deur Unrath. Moet nie minder as 350 ml RIMON® 10 EC per hektaar gebruik nie. Indien teenwoordig tydens bespuiting sal Blaaspootjies (<i>Thripidae</i>) en die eerste en tweede instar stadium van Afrika bolwurm onderdruk word.</p>
<p>SITRUS (lemoene alleenlik) Vals kodlingmot (<i>Cryptophlebia leucotreta</i>)</p>	<p>Twee bespuitings: 35 ml / 100 l water</p> <p>Enkele bespuiting: 50 ml / 100 l water</p>	<p>Dien as twee volle dekhoediening bespuitings toe 16 en 8 weke voor oes. Verseker dat vrugte volledig alkant benat word tot voor punt van afloop. Skenk veral aandag aan die nawelent. Vrugte wat nie volledig benat word nie, is blootgestel aan infestasies van kodlingmot op die onbehandelde gedeeltes.</p> <p>Dien as 'n enkele volle dekhoediening toe 12 weke voor oes. Verseker dat vrugte alkant eweredig benat word tot net voor die punt van afloop en skenk veral aandag aan die nawelent. Vrugte wat nie volledig benat word nie is blootgestel aan vals kodlingmotinfestasies op die onbehandelde gedeeltes.</p> <p>Afrika bolwurm en kodlingmot sal ook beheer word indien teenwoordig tydens toediening. Dit is belangrik om daarop te let dat vals kodlingmotlarwes wat die vrugte voor toediening alreeds binnegedring het nie beheer sal word nie.</p>

GEWAS / PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
SOJABONE en DROëBONE Afrika bolwurm <i>(Helicoverpa armigera)</i>	350 ml / ha	Dien toe sodra die eerste eiers of larwes opgemerk word sodra die plante begin blom. Volg die eerste bespuiting 14 dae later op met 'n tweede bespuiting. Moet egter nie meer as twee bespuitings per seisoen toedien nie. Wissel af met ander geregistreerde middels soos LAMDEX of SERVUS. Dien toe in minstens 200 l water / ha en verseker 'n deeglike bedekking van alle plantdele. Hierdie program sal net die eerste en tweede instar stadium van Afrika bolwurm beheer.
TAMATIES Amerikaanse bolwurm <i>(Helicoverpa armigera)</i> Aartappelmotlarwes (Blaarmyner) <i>(Phthorimaea operculella)</i>	35 ml / 100 l water (350 ml / ha)	Dien toe sodra plante begin blom en sodra eiers of larwes opgemerk word of 'n uitbraak van bolwurm verwag word. Herhaal die toediening 10 – 14 dae na die eerste. 'n Derde of selfs 'n vierde toediening mag nodig wees met 10 – 14 dae tussenpose. Hierdie program sal net die eerste en tweede instar stadium van Afrika bolwurm beheer. Daar word aanbeveel dat RIMON® 10 EC as 'n blokbespuiting van minstens twee agtereenvolgende bespuitings toegedien word. Die blokbespuiting kan afgewissel word met ander geregistreerde middels soos THIONEX SC, LAMDEX, SERVUS of METHOMEX 900 SP wat 'n ander metode van werking het. Verseker dat die plante deeglik benat word en dat nie minder as 350 ml RIMON® 10 EC per bespuitte hektaar toegedien word nie. Vir die beheer van aartappelmotlarwes moet toediening begin sodra die larwes of die eerste myne opgemerk word. Volg die aanwysings soos aanbeveel vir bolwurm.

BELANGRIKE NOTAS

1. **RIMON® 10 EC** is nie sistemies nie. Goeie bedekking van die teikenplant is dus noodsaaklik om doeltreffende beheer te verkry.
2. **RIMON® 10 EC** het 'n matige kontakaksie maar 'n baie sterk maagaksie, wat beteken dat dit voordelig sal wees as dit alreeds op die plantoppervlak aanwesig is as gevoelige insekte begin voed.
3. **RIMON® 10 EC** word aan die kutikula van plante geabsorbeer en is binne 5 uur reënvas.

AZINPHOS 350 WP (Reg. Nr L4851), AZINPHOS 350 SC (Reg. Nr L4850) en AZINPHOS 200 SC (Reg. Nr L5588) bevat asinfos-metiel en is die geregistreerde produkte van Makhteshim-Agan.

THIONEX SC (Reg. Nr L4671) bevat endosulfan en is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

LAMDEX (Reg. Nr L7578) bevat lambda-cyhalothrin en is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

SERVUS (Reg. Nr L7271) bevat deltamethrin en is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

METHOMEX 900 SP (Reg. Nr L5254), bevat metomil en is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.

MCW EOS (Reg. Nr L7954) is 'n voedselgraad ligte parafieniese olie en is die geregistreerde handelsmerk van Makhteshim-Agan SA (Pty) Ltd.